# Lesing 12.06.2018 - DEEL 26 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

## Die Nuwe Jerusalem, ons Nuwe Trooster

### Galasiërs 4:22

Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die **slavin** en een uit die **vrye**.

23 Maar die een uit die slavin is gebore **na die vlees**, en die ander een uit die vrye deur **die belofte**.

24 Dit is sinnebeelde, want **dié vroue** staan vir **twee verbonde**: een, van die berg **Sinai** afkomstig, wat vir die **slawerny** kinders baar — dit is **Hagar**;

25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die **teenswoordige Jerusalem** en is **met haar kinder**s saam in slawerny.

26 **Maar Jerusalem daarbo is vry; en Sy is die Moeder van ons almal**.

27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van Haar wat 'n Man het.

28 Maar ons, broeders, is **soos Isak, kinders van die belofte;**

29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook.

30 Maar wat sê die Skrif? **Werp die slavin en haar seun uit**, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.

31 Daarom, broeders, **ons is nie kinders van die slavin** nie, maar van die vrye.

### Mattheus 2:17

Toe is vervul wat deur JirmeJaH, die Profeet, gespreek is toe hy gesê het:

18 'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; **Ragel ween oor haar kinders**; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. [JirmeJaH 31:15]

### Mattheus 12:41

Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en **- meer as Jona is hier**!

42 Die **Koningin van die Suide** sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want Sy het gekom van die eindes van die Aarde af om die **Wysheid van Salomo** te hoor, en **- meer as Salomo is hier**! [Psalm 72:15]

### Openbaring 21:1

EN ek het 'n **nuwe Hemele en 'n nuwe Aarde** gesien, want die eerste Hemele en die eerste Aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. [Boekrol van Henog 91:16; 2 Petrus 3:10]

2 En ek, JeHôWganan, het die **Stad van Apaeid, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohim uit die Hemele**, **toeberei soos 'n Bruid wat vir Haar Man versier is**. [Boekrol van Henog 53:6]

3 En ek het 'n groot Stem uit die Hemele hoor sê: Kyk, die **Tabernakel van Elohim** is by die adamiete, en **Sy sal by hulle woon**, en hulle sal Sy volk wees; en die Elohim self sal by hulle wees as hulle Elohim.

4 En **Elohim sal al die trane van hulle oë afvee**, en daar sal geen Dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. [Boekrol van Henog 96:3]

5 En Hy wat op die Troon sit, het gesê: **KYK, EK MAAK ALLES NUUT**. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie Woorde is waar en betroubaar.

6 En Hy het vir my gesê: DIT IS VERBY! Ek [is] die Alef [a] en die Taw [T], die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee **uit die Fontein van die water van die lewe**, verniet. [Odes van Salomo 30:1]

7 Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n Elohim wees, en hy sal vir My 'n seun wees.

22 En 'n Tempel het ek **nie in Haar gesien nie**, want Elohey, die ALMAGTIGE, **is Haar Tempel, en die Lam**. [Openbaring van Henog 17:9]

23 En die Stad het die son of die maan nie nodig om in Haar te skyn nie, want die **Glansrykheid** van Elohim het Haar verglans, en die **Lam is Haar lamp.**